- (j) if a breach of any of the aforesaid conditions takes place, the Chief Native Commissioner may in his discretion, cancel the licence.

7. If a complaint is received from any native that excessive prices are being charged by any trader, the Native Commissioner, or any other duly authorised person shall, subject to the approval of the Administrator, have the right to examine the books, records, stocklists and other business documents of such trader. On proof to the satisfaction of the Native Commissioner, that a trader is charging excessive prices, he shall be warned to that effect by the Native Commissioner. If, after such warning has been administered such trader persists in charging excessive prices as aforesaid, his licence may be cancelled by the Chief Native Commissioner.

"Sekretaris" die Sekretaris vir die Gebied;

"Die Ordonnansie" die Konsolidasie-Ordonnansie betreffende Lisensies 1935 (Ordonnansie No. 13 van 1935), soos gewysig deur die Konsolidasie-Wysigingsordonnansie betreffende Lisensies 1936 (Ordonnansie No. 1 van 1936).

2. Ovamboland word hiermee verklaar 'n Naturelleserwe vir die doeleindes van die Ordonnansie te wees.

3. Wanneer aansoek gemaak word, soos bepaal in artikel nege van die Ordonnansie, vir 'n lisensie soos in die Tweede Bylae van die Ordonnansie uiteengesit, om in Ovamboland handel te drywe, word die goedkeuring vir die uitreiking van so 'n lisensie nie deur die Administrateur verleen nie, ooreenkomstig artikel veertien van die Ordonnansie, tensy die applikant skriftelike kennisgewing aan die Naturellekommissaris gegee het dat hy so 'n aansoek gemaak het, ten minste een maand voordat die Lisensiehof sit wat sodanige aansoek moet oorweeg, en moet in so 'n aansoek besonderhede gee van die plek waar hy van plan is om die besigheid te drywe.

4. Die Naturellekommissaris moet aan die Sekretaris vir die Gebied aangaande die aansoek rapporteer, en moet die belange van die verskillende naturellestamme wat betrokke mag wees en die geskiktheid van die voorgestelde besigheidsplek by sy aanbeveling goed in oorweging neem.

5. Nadat die genoemde aansoek deur die Administrateur oorweeg is, moet die Sekretaris die beslissing van die Administrateur aan die betrokke Lisensiehof medeel.

Indien sodanige mededeling nie betyds ontvang is nie, kan die genoemde Hof die vermelde aansoek toestaan onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur.

6. Enige lisensie, soos voormeld, wat behoorlik deur die Administrateur goedgekeur is, is onderhewig aan die volgende perke en voorwaardes, wat op die genoemde lisensie endosseer moet word:—

- (a) die lisensiehouer mag nie enige geboue, buitegeboue, hutte of ander bouwerke op enige plek oprig wat nie deur die Naturellekommissaris goedgekeur is nie;
- (b) die lisensiehouer mag vee laat wei en water drink in sulke getalle en in sodanige streke as wat deur die Naturellekommissaris na rugspraak met die Hoof van die betrokke streek bepaal is en teen betaling van sodanige fooie as wat deur die Hoof Naturellekommissaris van tyd tot tyd voorgeskrywe mag word;
- (c) die lisensiehouer mag nie toelaat dat die Hoof of Hoofman van 'n stam die krediet van sy stam verpand nie. Sodanige verpanding van die stam se krediet bind die stam geensins nie;
- (d) die lisensiehouer mag nie krediet aan enige naturel gee nie;
- (e) algemene pryslyste in duidelik leesbare druk tesame met 'n vertaling daarvan in die naturelle taal of tale wat in die betrokke streek gepraat word, moet op 'n behoorlike bord nie kleiner as 2½ voet by 3½ voet groot opgeplak word. Sodanige bord moet buitekant die hoofingang van die winkel geplaas word. 'n Kopie van sodanige pryslyste moet aan die Naturellekommissaris verskaf word;
- (f) die lisensiehouer mag nie graan of ander graansoorte by die grootmaat van Ovamboland uitvoer nie sonder om eers die toestemming van die Naturellekommissaris verkry te hê;
- (g) die lisensiehouer mag nie enige ammunisie, vuurwapens of dele van vuurwapens van enige soort in Ovamboland invoer en die lisensiehouer mag nie enige vuurwapens wat aan naturelle behoort regmaak nie;
- (h) die lisensiehouer mag onder geen omstandighede hom op enige wyse bemoei met of betrokke wees in naturelle-twiste of politieke of ander geskille tussen naturelle nie. Enige dispuut tussen die lisensiehouer en 'n naturel moet vir skikking na die Naturellekommissaris verwys word en sy beslissing is beslissend;
- (i) die lisensiehouer mag nie smous nie;
- (j) indien enige van die voormelde voorwaardes oortree word, kan die Hoof Naturellekommissaris, volgens sy goeddunke, die lisensie terugtrek.

7. Indien 'n klage van enige naturel ontvang word dat buitematige pryse deur 'n handelaar gevra word, het die Naturellekommissaris of enige ander behoorlik gemagtigde persoon, onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur, die reg om die boeke, dokumente, voorraadlyste en ander besigheidsdokumente van so 'n handelaar te ondersoek. Indien dit tot bevrediging van die Naturellekommissaris bewys word dat 'n handelaar buitematige pryse vra, sal hy dienoreenkomstig deur die Naturellekommissaris gewaarsku word. Indien, na so 'n waarskuwing sodanige handelaar aanhou om buitematige pryse, soos voormeld, te vra, kan die Hoof Naturellekommissaris sy lisensie kanselleer.

No. 149.]

[15th October, 1936.

REGISTRATION OF VOTERS, 1936: APPOINTMENT OF REVISING OFFICERS.

His Honour the Administrator has been pleased in terms of the provisions of paragraph *eleven* of the Schedule to the South West Africa Constitution Act, 1925, to appoint each officer described in the first column of the Schedule annexed hereto to be the Revising Officer for the purpose of revising, amending and settling in and for the Electoral Division of the Territory set opposite to the description of such officer in the second column of the Schedule hereto, the list of all European male British subjects of the age of twenty-one years and upwards entitled to be registered as voters and not being persons subject to the disqualifications mentioned in paragraph *two* of the Schedule to the Act and further to certify to the correctness of the list so revised amended and settled and generally to carry out the powers and duties conferred and imposed upon Revising Officers by the Schedule to the Act.

SCHEDULE.

Description and Address of Revising Officers.	Electoral Division for which Revising Officer is appointed to act.
The Magistrate, Mariental, or any officer lawfully acting as Magistrate	Gibeon.
The Magistrate, Gobabis, or any officer lawfully acting as Magistrate	Gobabis.
The Magistrate, Grootfontein, or any officer lawfully acting as Magistrate	Grootfontein.
The Magistrate, Keetmanshoop, or any officer lawfully acting as Magistrate	Keetmanshoop.
The Magistrate, Luderitz, or any officer lawfully acting as Magistrate	Luderitz.
The Magistrate, Okahandja, or any officer lawfully acting as Magistrate	Okahandja.
The Magistrate, Otjiwarongo, or any officer lawfully acting as Magistrate	Otjiwarongo.
The Magistrate, Mariental, or any officer lawfully acting as Magistrate	Stampriet.
The Magistrate, Swakopmund, or any officer lawfully acting as Magistrate	Swakopmund.
The Magistrate, Warmbad, or any officer lawfully acting as Magistrate	Warmbad.
The Magistrate, Windhoek, or any officer lawfully acting as Magistrate	Windhoek District.
The Magistrate, Windhoek, or any officer lawfully acting as Magistrate	Windhoek Central.

No. 150.]

[15th October, 1936.

MARRIAGE OFFICER: APPOINTMENT AS.

The Administrator has been pleased, in terms of section *five*, sub-section (1) of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation No. 31 of 1920), to approve of the appointment of SIDNEY RONALD BASSINGTHWAIGHTE of the Magistrate's Office, Omaruru, as a Marriage Officer for the solemnization of a marriage at Omaruru on the 15th October, 1936.

No. 149.]

[15 Oktober 1936.

REGISTRASIE VAN KIESERS 1936: BENOEMING VAN HERSIENINGSAMPTENARE.

Dit het Sy Edele die Administrateur behaag om, ooreenkomstig die bepalings van paragraaf *elf* van die Bylae tot "De Zuidwest-Afrika Konstitutie Wet, 1925" elke amptenaar beskrywe in die eerste kolom van die Bylae hiervan te benoem as Hersieningsamptenaar vir die doel om in en vir die Kiesafdeling van die Gebied, wat teenoor die beskrywing van sodanige amptenaar in die tweede kolom van die Bylae hiervan aangegee is, die lys van alle Europese manlike Britse onderdane van die ouderdom van een-en-twintig jare en meer, wat geregtig is geregistreer te word as kiesers en nie persone is nie wat onderhewig is aan die diskwalifikasies genoem in paragraaf *twee* van die Bylae van die Wet, te hersien, te wysig en af te handel, en om verder die juistheid van die lys aldus hersien, gewysig en afgehandel te sertifiseer, en in die algemeen om die magte en pligte, deur die Bylae van die Wet aan Hersieningsamptenare verleen en opgelê, uit te voer.

BYLAE.

Beskrywing en Adres van Hersieningsamptenare.	Kiesafdeling waarvoor Hersieningsamptenaar benoem is.
Die Magistraat, Mariental, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Gibeon.
Die Magistraat, Gobabis, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Gobabis.
Die Magistraat, Grootfontein, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Grootfontein.
Die Magistraat, Keetmanshoop, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Keetmanshoop
Die Magistraat, Luderitz, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Luderitz.
Die Magistraat, Okahandja, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Okahandja.
Die Magistraat, Otjiwarongo, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Otjiwarongo.
Die Magistraat, Mariental, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Stampriet.
Die Magistraat, Swakopmund, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Swakopmund.
Die Magistraat, Warmbad, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Warmbad.
Die Magistraat, Windhoek, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Windhoek Distrik.
Die Magistraat, Windhoek, of enige amptenaar wat wettiglik as Magistraat ageer	Windhoek Sentraal.

No. 150.]

[15 Oktober 1936.

HUWELIKSAMPTENAAR: BENOEMING TOT.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel *vyf*, subartikel (1) van "De Huweliksvoltrekkings Proklamasie 1920" (Proklamasie No. 31 van 1920), die benoeming van SIDNEY RONALD BASSINGTHWAIGHTE van die Magistraatskantoor, Omaruru, tot 'n Huweliksamptenaar vir die voltrekking van 'n huwelik te Omaruru op 15 Oktober 1936, goed te keur.

No. 151.] [9th October, 1936.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-section (2) of Section *three* of the Police Proclamation, 1921 (Proclamation No. 56 of 1921), as amended by the Police (Amendment) Proclamation, 1922 (Proclamation No. 24 of 1922), and by the Police Proclamation Further Amendment Proclamation, 1924 (Proclamation No. 1 of 1924), and by Police Proclamation Amendment Proclamation, 1927 (Proclamation No. 34 of 1927), to appoint:—

Sub-Inspector CHRISTOFFEL JACOBUS BRIERS UYS as Inspector of the South West Africa Police with effect from the 1st October, 1936.

No. 152.] [9th October, 1936.

The following appointments as Clerks of the Court have been approved:—

OTJIWARONGO: FRIEDRICH AUGUST HELLMUTH JOHL, with effect from the 17th September, 1936, vice Mr. McHugh.

REHOboth: GEORGE ERNST CARL BOHLMANN with effect from the 21st September, 1936, vice Mr. Meisenholl.

No. 153.] [10th October, 1936.

It is hereby notified for general information that the Royal Italian Consular Agency at Windhoek was closed temporarily as from the 19th September, 1936, and that from that date Ing. Filippo Mannetti ceased to hold office as Honorary Consular Agent for Italy at Windhoek.

No. 154.] [10th October, 1936.

The Administrator has been pleased, in terms of section *one hundred and fifty-nine* of the Municipal Ordinance, 1935 (Ordinance No. 24 of 1935), to approve of the subjoined regulations framed by the Windhoek Municipal Council under section *one hundred and fifty-nine* of the said Ordinance:—

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.

REGULATIONS REGARDING THE PREVENTION AND EXTINGUISHING OF FIRES (STORAGE OF PETROL AND OTHER INFLAMMABLE LIQUIDS).

1. For the purpose of these regulations:—

“authorised officer” shall mean any officer for the time being appointed by the Council for the purpose of administering these regulations, and any person acting as his lawful deputy;

“carriage” shall mean and include any carriage, wagon, cart, truck, vehicle or any other means of conveyance by land, in whatever manner the same may be drawn or propelled;

“council” shall mean the Town Council of the Municipality of Windhoek;

“motor vehicle” shall mean and include any vehicle which shall be propelled by means of an engine worked by or with petroleum and/or petrol;

“observed flashing point” shall be the lowest degree on Fahrenheit thermometer at which a flash is obtained when the liquid is tested by means of the Abel-Pensky test apparatus;

“person and occupier” shall mean and include any individual, partnership, company or corporate body;

“petroleum” shall mean any inflammable liquid or mixture which is derived wholly or in part from petroleum, coal, shale, peat or any other bituminous substance, or from any of their products, and shall include any other liquid which the Council by notice in the *Gazette* shall declare to be an inflammable liquid having a true flashing point below 150 degrees Fahrenheit, Abel-Pensky close test;

“petrol” shall mean any such petroleum as abovementioned having a true flashing point which is below 100 degrees Fahrenheit, Abel-Pensky close test;

No. 151.] [9 Oktober 1936.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens sub-artikel (2) van Artikel *drie* van die “Politie Proklamatie, 1921” (Proklamasie No. 56 van 1921), soos gewysig deur die “Politie (Wijziging) Proklamatie 1922” (Proklamasie No. 24 van 1922) en deur die “Politie Proklamatie Verdere Wijzigingsproklamatie, 1924” (Proklamasie No. 1 van 1924), en deur die Polisieproklamasie-Wysigingsproklamasie 1927 (Proklamasie No. 34 van 1927):—

Subinspekteur CHRISTOFFEL JACOBUS BRIERS UYS as Inspekteur van die Suidwes-Afrika Polisie met ingang vanaf 1 Oktober 1936, aan te stel.

No. 152.] [9 Oktober 1936.

Die volgende aanstellings as Klerke van die Hof is goedgekeur:—

OTJIWARONGO: FRIEDRICH AUGUST HELLMUTH JOHL, met ingang vanaf 17 September 1936, in die plek van Mnr. McHugh.

REHOboth: GEORGE ERNST CARL BOHLMANN met ingang vanaf 21 September 1936, in die plek van Mnr. Meisenholl.

No. 153.] [10 Oktober 1936.

Hiermee word vir algemene inligting bekend gemaak dat die Koninklike Italiaanse Konsulêre Agentskap te Windhoek vanaf 19 September 1936 tydelik gesluit is, en dat vanaf daardie datum Ing. Filippo Mannetti nie meer die pos van Ere-Konsulêre Agent vir Italië te Windhoek bekleed nie.

No. 154.] [10 Oktober 1936.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel *eenhonderd nege-en-veftig* van die Munisipale Ordonnansie 1935 (Ordonnansie No. 24 van 1935), sy goedkeuring te heg aan die onderstaande regulasies deur die Windhoekse Munisipale Raad kragtens artikel *eenhonderd nege-en-veftig* van genoemde Ordonnansie opgestel:—

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.

REGULASIES BETREFFENDE DIE VOORKOMING EN BLUSSING VAN VURE (OPBERGING VAN PETROL EN ANDER ONTVLAMBARE VLOEISTOWWE).

1. Vir die doel van hierdie regulasies:—

beteken “gemagtigde beampte” enige beampte wat deur die Raad tydelik aangestel is om hierdie regulasies uit te voer, en enige persoon wat as sy wettige plaasvervanger ageer;

beteken en omvat “voertuig” enige voertuig, wa, kar, vragwa, rytuig of enige ander vervoermiddel op land, onverskillig op welke wyse dit getrek of voortgedrywe word;

beteken “raad” die Stadsraad van die Munisipaliteit van Windhoek;

beteken en omvat “motorrytuig” enige rytuig wat voortgedrywe word deur ’n masjien wat deur petroleum en/of petrol gewerk word;

is “waargenome ontbrandingspunt” die laagste graad van ’n Fahrenheit-termometer op welke ’n vonk verkry word wanneer die vloeistof deur middel van die Abel-Pensky-toetsapparaat getoets word;

beteken en omvat “persoon en bewoner” enige enkeling, vennootskap, maatskappy of regs persoonlikheid;

beteken “petroleum” enige ontvlambare vloeistof of mengsel wat geheel of gedeeltelik uit petroleum, steenkool, leiklip, turf of enige ander bitumineuse stof, of uit enige van hul produkte, verkry word, en sluit ook in enige ander vloeistof waaromtrent die Raad deur kennisgewing in die *Offisiële Koerant* verklaar dat dit ’n ontvlambare vloeistof is met ’n juiste ontbrandingspunt benede 150 grade Fahrenheit volgens Abel-Pensky se noukeurige toets;

beteken “petrol” enige petroleum, soos hierbo genoem, met ’n juiste ontbrandingspunt van benede 100 grade Fahrenheit volgens Abel-Pensky se noukeurige toets;

“registered premises” shall mean premises registered by the Council as required by these regulations for the storage of petroleum and/or petrol;

“true flashing point” shall be the observed flashing point of the liquid, corrected, if necessary for atmospheric pressure;

“township area” shall mean Portion “A” of the Windhoek Town and Townlands No. 31 as appears on General Plan S.G. No. 709/21 and Portion “A” of the Klein Windhoek Town and Townlands No. 70 as appears on General Plan S.G. No. A. 264/23 both filed in the Surveyor-General’s Office, Windhoek.

CHAPTER I.

STORAGE OF PETROL ON OTHER THAN REGISTERED PREMISES.

2. No person shall store, except on registered premises, a quantity of petrol in excess of 16 imperial gallons over and above that contained in the tank of a motor vehicle and petroleum in excess of 8 imperial gallons.

3. No person shall store petrol or petroleum in a cupboard under a stair-case, or in such a position as, in the opinion of the authorised officer, to prevent in case of fire the escape of persons from the building.

4. All petrol (except in the tank of a motor vehicle or stationary engine) and/or petroleum shall be kept in vessels of such substantial construction as to prevent all leakage of liquid or vapour therefrom. Before repairs are executed to any such vessel it shall be cleaned by the removal therefrom of all petroleum and/or petrol and of all dangerous vapours derived from the same.

5. The authorised officer may give such further direction in regard to the storage of petrol and/or petroleum on unregistered premises as may be necessary for the purposes of these regulations and any owner or occupier of such premises responsible for the safe-keeping of such petrol and/or petroleum shall comply with any such directions.

CHAPTER II.

STORAGE OF PETROL ON REGISTERED PREMISES.

6. Any person desiring to store or keep petrol and/or petroleum for any purpose in excess of the quantity laid down in Regulation 2 hereof, shall first have the premises in question registered with the Council and obtain a certificate of such registration.

7. No such registration shall be effected until such person shall have submitted to the Town Clerk an application in writing for the registration of his premises under these regulations and shall have obtained the approval of the Council for such registration. The application shall be accompanied by a plan, in duplicate, of the premises showing the size and form of construction of the proposed store, or other structure and its elevation and position in regard to buildings adjacent thereto. Such plan shall be drawn in ink on drawing paper and to a scale of not less than 1 in 100 and to the satisfaction of the Council.

8. Such application and plan shall be submitted to the Council for consideration and approval and the Council may refuse the registration of the premises under these regulations, if, in its opinion, the proposed store or other structure is not suitable for the purpose or otherwise does not comply with these regulations.

9. Every store or other structure in which it is proposed to store petrol and/or petroleum under this Chapter shall be so situated as not to be in dangerous proximity to any fire, forge, furnace or light, or to any place where highly combustible goods or any substance or substances of an explosive or highly inflammable nature are kept.

10. Every petroleum or petrol store shall be substantially constructed of burnt or cement brick, concrete or other non-inflammable material in accordance with the specifications or with the type plan of a storage building as may be prescribed by the Council from time to time and in such a manner, or surrounded by walls or banks of such a character that the petroleum and/or petrol contained therein cannot escape therefrom, either under the action of fire or

beteken “geregistreerde persele” persele wat deur die Raad ingevolge die vereistes van hierdie regulasies, vir die opberging van petroleum en/of petrol geregistreer is;

is “juiste ontbrandingspunt” die waargenome ontbrandingspunt van die vloeistof, desnoods vir lugdruk gekorrigeer;

beteken “stadsgebied” Gedeelte “A” van die Windhoekse Stad en Stadsgronde No. 31 soos aangetoon op Algemene Kaart S.G. No. 709/21, en Gedeelte “A” van die Klein Windhoekse Dorp en Dorpsgronde No. 70 soos aangetoon op Algemene Kaart S.G. No. A. 264/23, albei waarvan op die kantoor van die Landmeter-generaal, Windhoek, berus.

HOOFSTUK I.

OPBERGING VAN PETROL OP ONGEREGISTREERDE PERSELE.

2. Niemand mag, behalwe op geregistreerde persele, meer as 16 imperiale gellings petrol bo die wat in die petroltenk van ’n motorrytuig is, en meer as 8 imperiale gellings petroleum, opberg nie.

3. Niemand mag petrol of petroleum opberg in ’n kas onder ’n trap nie, of op so ’n manier dat dit, na die mening van die gemagtigde beampte, in geval van vuur die weg van persone wat uit die gebou vlug, versper.

4. Alle petrol (behalwe die in die tenk van ’n motorrytuig of staande masjien) en/of petroleum moet gehou word in vate wat so stewig gebou is dat dit alle lekkasie van vloeistof of gas daaruit verhinder. Voor so ’n vat heelgemaak word, moet dit skoongemaak word deur alle petroleum en/of petrol en alle gevaarlike gasse wat daaruit ontstaan, daaruit te verwyder.

5. Die gemagtigde beampte kan nadere bevele in verband met die opberging van petrol en/of petroleum op ongeregistreerde persele gee, as wat nodig mag wees vir die doeleindes van hierdie regulasies, en enige eienaar of bewoner van sulke persele wat verantwoordelik is vir die bewaring van petrol en/of petroleum, moet aan enig sulke bevele gehoor gee.

HOOFSTUK II.

OPBERGING VAN PETROL OP GEREISTREERDE PERSELE.

6. Iemand wat begerig is om petrol en/of petroleum vir enige doel op te berg of te hou bo die hoeveelheid bepaal by regulasie 2 hiervan, moet eers die betrokke persele by die Raad laat registreer en ’n sertifikaat van sodanige registrasie verkry.

7. Sodanige registrasie mag nie plaasvind voordat so ’n persoon by die Stadsklerk ’n geskrewe aansoek om registrasie van sy persele kragtens hierdie regulasies ingedien het en die goedkeuring van die Raad tot sodanige registrasie verkry het nie. Die aansoek moet vergeesels word van ’n kaart, in duplo, van die persele wat aantoon die grootte en oprigtingsmetode van die voorgestelde pakhuis of ander gebou en sy elevasie en posisie met betrekking tot die aangrensende geboue. Sodanige kaart moet met ink op tekenpapier en op ’n skaal van minstens 1 in 100 en tot bevrediging van die Raad geteken word.

8. Sodanige aansoek en kaart moet aan die Raad vir oorweging en goedkeuring voorgelê word. Die Raad kan die registrasie van die persele kragtens hierdie regulasies weier indien die voorgestelde pakhuis of ander gebou na sy mening ongeskik vir die doel is of andersins nie aan hierdie regulasies voldoen nie.

9. Elke pakhuis of ander gebou waarin dit voorgestel word om petrol en/of petroleum kragtens hierdie Hoofstuk op te berg, moet so geleë wees dat dit nie in die gevaarlike nabyheid is van enige vuur, smedery, smeltoond of lig, of van enige plek waar hoogs brandbare goedere of enige stof of stowwe van ’n ontplofbare of hoogs ontvlambare aard gehou word nie.

10. Elke petroleum- of petrolpakhuis moet stewig van gebrande of sementbakstene, beton of ander nie-ontvlambare stof gebou wees ooreenkomstig die voorskrifte of die tipe-tekening van ’n pakhuis soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word, en op so ’n wyse of omring met mure of walle van so ’n aard dat die petroleum en/of petrol daarin bevat nie, of deur die werking van vuur of andersins, daaruit kan ontsnap nie. Elke pakhuis moet ge-

otherwise. Every store shall be ventilated sufficiently to prevent the accumulation therein of inflammable vapour, and the ventilating shall be from the bottom of the building and shall be thoroughly protected by fine wire gauze.

11. The store or other structure in which petrol and/or petroleum is stored shall not form part of or be attached to any domestic or public building, unless such store or other structure be separated from such building by a wall not less than 9 inches thick, which must be carried to a height of at least 18 inches above the roof, constructed of burnt or cement brick, stone or other non-inflammable material and not containing any door, window or other opening connecting such structure with the said building.

12. The registration of the premises under Chapter II shall be effected annually. Application for such registration shall be made during the month of December of each and every year, provided that the Council may, in its discretion, consider and decide upon application for registration made after the 31st December in each year. Every registration shall be effective up to and inclusive of the 31st day of December next following and no longer.

CHAPTER III.

BULK STORAGE.

13. Notwithstanding anything contained in these regulations, no premises situate within the township area shall be registered for the storage of petrol and/or petroleum an petroleum products in respect of a quantity exceeding 600 gallons in all, save and except in respect of premises situate on Erven Nos. 851, 852, 853, 854, 855, 856 and 857 of the general plan of the Township of Windhoek.

CHAPTER IV.

GENERAL.

14. Any person who shall keep petroleum and/or petrol on registered premises, except for his own use in motor vehicles or stationary engines, shall observe the following conditions:—

- (a) All petroleum and/or petrol other than such quantity as is for the time being necessarily withdrawn for immediate use, or purposes of sale, shall be kept in a store or other structure constructed as required by these regulations.
- (b) No fire or light, except an artificial light of such construction, position, or character as in the opinion of the Council is considered not to be dangerous, may be taken into any store or into any place in which petroleum and/or petrol is stored or kept or be placed in dangerous proximity thereto. Where electric light is used, the light shall be enclosed in double glass bulbs, the outer one of which shall be gas-tight. All switches and fuses shall be placed outside the store and be enclosed in a gas-tight box.
- (c) The occupier of and every person managing or employed in or about the premises shall abstain from and shall not permit or allow any other person to commit any act which may cause or be likely to cause fire or explosion and shall take due precautions to prevent any fire or explosion from taking place and to prevent any unauthorised person from having access to the petroleum and/or petrol.
- (d) No substance other than petroleum and/or petrol shall be kept in any place in which petroleum and/or petrol is stored, except a quantity of dry sand which shall be kept therein and shall be used for the purpose of absorbing petroleum and/or petrol accidentally spilled.
- (e) At least one chemical extinguisher of a pattern approved by the Council and an adequate supply of dry sand shall always be kept ready for use in near proximity to any place in which petroleum and/or petrol is stored and shall be used for the purpose of extinguishing fire. Water shall not be used for extinguishing burning petroleum or petrol.
- (f) All taps on vessels containing petroleum or petrol shall be fitted with drip pans to catch any drips or leakage which may occur, and shall be securely fitted and kept at all times in good order.

noegsaam geventileer wees om die ophoping van ontvlambare gas te voorkom. Die ventilasie moet van onder die gebou geskied en die luggate deeglik met fyn draadgaas beskerm word.

11. Die pakhuis of ander gebou waarin petrol en/of petroleum opgeberg word, mag nie 'n deel uitmaak of vas wees aan enige woonhuis of openbare gebou nie, tensy so 'n pakhuis of ander gebou afgeskei is van so 'n woonhuis of openbare gebou deur 'n muur minstens 9 dm. dik wat tot 'n hoogte van minstens 18 dm. bo die dak reik, en wat van gebrande of sementbakstene, klip of ander nie-ontvlambare stof gebou is en nie enige deur, venster of ander opening het wat die genoemde geboue verbind nie.

12. Die registrasie van die persele kragtens Hoofstuk II moet jaarliks geskied. Aansoek om sodanige registrasie moet gedurende die maand Desember van elk en iedere jaar gedoen word, met dien verstande dat die Raad na goed-dunke aplikasies om registrasie, wat na 31 Desember van elke jaar gedoen is, mag oorweeg en daaroor besluit. Elke registrasie is van krag tot en met die 31ste dag van die volgende Desember en nie langer nie.

HOOFSTUK III.

OPBERGING IN GROOT MAAT.

15. Ondanks enigiets in hierdie regulasies bevat, mag geen persele binne die dorpsgebied geleë, vir die opberging van petrol en/of petroleum en petroleum-produkte geregistreer word ten opsigte van 'n hoeveelheid wat altesame 600 gellings te bowe gaan nie, behalwe ten opsigte van persele geleë op Erwe Nos. 851, 852, 853, 854, 855, 856 en 857 van die algemene kaart van die stad Windhoek.

HOOFSTUK IV.

ALGEMEEN.

14. Iemand wat petroleum en/of petrol op geregistreerde persele hou, behalwe vir eie gebruik in motorrytuie of staande masjiene, moet die volgende voorwaardes nakom:—

- (a) Alle petroleum en/of petrol, afgesien van sodanige hoeveelheid wat tydelik vir onmiddellike gebruik of vir verkoop noodsaaklik teruggehou word, moet in 'n pakhuis of ander gebou volgens die vereistes van hierdie regulasies opgerig, opgeberg word;
- (b) Geen vuur of lig, behalwe 'n kunsmatige lig van sodanige konstruksie, posisie of aard wat na die mening van die Raad nie as gevaarlik beskou word nie, mag in 'n pakhuis of enige plek waarin petroleum en/of petrol opgeberg of gehou word, ingebring of in die gevaarlike nabyheid daarvan geplaas word nie. Indien elektriese lig gebruik word, moet die lig in dubbele glasgloeilampe ingesluit wees, die buitenste een waarvan gasdig moet wees. Alle skakelaars en sekerings moet buite die pakhuis gehou en in 'n gasdigte doos ingesluit word.
- (c) Die bewoner van die persele, en elke persoon wat dit bestuur of daarin of daarrondom werksaam is, mag self nie en ook nie enige ander persoon toelaat om enige daad te verrig wat brand of 'n ontploffing kan veroorsaak of waarskynlik kan veroorsaak nie, en moet behoorlike voorsorgsmaatreëls tref om enige brand of ontploffing te voorkom, en om te verhoed dat enige ongemagtigde persoon toegang het tot die petroleum en/of petrol;
- (d) Geen stofsoort behalwe petroleum en/of petrol mag in enige plek gehou word waar petroleum en/of petrol opgeberg is nie, behalwe 'n hoeveelheid droë sand wat daarin gehou en gebruik moet word om petroleum en/of petrol wat per ongeluk gestort word, te absorbeer;
- (e) Minstens een chemiese blusser, volgens 'n patroon deur die Raad goedgekeur, en 'n afdoende voorraad droë sand moet altyd gereed vir gebruik wees in die nabyheid van enige plek waarin petroleum en/of petrol opgeberg is, en moet gebruik word om brand te blus. Water mag nie gebruik word om brandende petroleum of petrol te blus nie;
- (f) Aan alle krane van vate wat petroleum of petrol bevat, moet druppanne aangebring word om enige druppels of lekkasie wat mag plaasvind, op te vang, en moet stewig vasgemaak en te alle tye in goeie orde gehou word;

(g) The door of any store shall be kept locked at all times except when petroleum or petrol is being placed in or removed from such store.

(h) No smoking shall be permitted in or about any store where petroleum or petrol is kept.

15. Any person who, for the purpose of trade, shall convey or cause to be conveyed petroleum or petrol to or from any premises shall observe all due precautions for the prevention of accidents by fire or explosion, and for preventing unauthorised persons having access to the carriage or vessels containing the petroleum or petrol, and every person concerned in the conveyance of petroleum or petrol shall abstain from any act whatever which is a breach of these regulations.

16. No person shall bring any naked light into or smoke in any garage or place where petroleum and/or petrol is kept or used in connection with any process of manufacture, or for sale, or for any purpose of trade. A notice with the following words in letters not less than four inches high painted or printed thereon: "No Smoking Allowed" shall be conspicuously exhibited at or near the entrance of any such garage or place.

17. Every place in which a forge or blow-lamp is used in any garage or place referred to in regulation 16 hereof shall be effectively screened off by a screen made of non-inflammable material.

18. The authorised officer or any other officer appointed by the Council for the purpose may enter and inspect any registered or unregistered premises or place where petroleum and/or petrol is kept or intended to be kept. Such officer may further require the occupier or person in charge or any white person in his employment to show him all the petroleum or petrol or other highly combustible goods which for the time being are on the premises or place. He may on payment or tender of the value thereof take samples of such petroleum or petrol or of any other highly combustible goods the keeping of which in a store or storehouse may be regulated by these regulations. No person shall refuse to answer any inquiry or to comply with any such requisition from such officer or to give him such assistance as he may require for the purposes of this regulation, or shall wilfully obstruct such officer in the performance of his duty under this or any other regulation.

Any person so doing, and if he is a servant, his employer also, shall be guilty of a contravention of these regulations.

19. Where the authorised officer or other officer appointed under regulation 18 hereof has reasonable cause to believe that any petroleum or petrol found by him is being kept or stored contrary to these regulations, he may seize and detain the same, and may either require the occupier of the place in which it is seized to detain the petroleum or petrol in that place or any other place under his control, or remove such petroleum or petrol to any place as will in his opinion least endanger the public safety, and there detain it until arrangements to the satisfaction of the authorised officer have been made for the disposal or storage of such petroleum or petrol.

20. Any registration under these regulations may be cancelled by the Council by a notice in writing under the hand of the Town Clerk if —

(1) Any of the provisions of the regulations are not observed by the person to whom a certificate of registration has been granted or any person employed by him;

(2) The store or structure has fallen into disrepair or has become so defective as to constitute a danger to the public safety or otherwise is rendered unsuitable for the storage of petrol and/or petroleum.

